

Sakkie Parsons E-Pos Bediening

Webtuiste. www.sakkieparsons.co.za

E-pos: sparsons@absamail.co.za

Sel: 083 457 6669

KOORDANS IN DIE EREDIENS.

Iemand skryf aan my en ek gee in kort sy vraag aan my:

"Hoe sien jy koordans in 'n kerkdienst?"

Dan wil ek begin deur te sê:

In die Ou Testamentiese tyd was dit nie ongewoon van volke om te dans in hulle godsdienstige byeenkomste nie.

Kom ek wys eers vir jou wat ek van "koordans" of dan, om dit so te stel, 'n godsdienstige dans in die Woord sien:

Ons lees die eerste keer van so 'n godsdienstige dans in [EXO 15:20](#):

EXO 15:20 *Mirjam was 'n vroulike profeet. Sy was Aäron se suster. Sy het 'n tamboeryn gevat en al die vroue het agter haar aan gedans terwyl hulle op tamboeryne slaan.*

EXO 15:21 *Mirjam het vir hulle voorgesing:*

"Sing tot eer van die Here, want Hy is geweldig hoog. Perd en ruiters het Hy in die see gegooi."

Nou moet ons egter nie dink, dat "koordans," of dan 'n godsdienstige dans net tot ere van ons Here gedoen was nie.

Net 'n ruk later, dans die Israeliete weer maar die keer vir 'n goue kalf:

EXO 32:19 *Toe hulle nader aan die kamp kom, het Moses die kalf en die gedansery gesien. Hy het so kwaad geword dat hy die klippe op die grond neergegooi het. Dit het daar by die voet van die berg in stukke gebreek.*

In die Nuwe Testament, is daar nêrens 'n bewys dat die Christene so 'n gewoonte gehad het, soos om in eredienste of ander godsdienstige byeenkomste te dans, of dan as jy wil te koordans nie.

Nou sê ek nie vir een oomblik dat koordans, of dan 'n godsdienstige dans, vir die Christen taboe is nie maar ons moet net versigtig wees dat die fokus, nie soos dit in baie gevalle wel gebeur, dat die **fokus** op die danser is, terwyl dit eintlik ons **HERE en Sý Evangelie** is op wie die fokus moet wees nie.

Hoe ek ook al die Evangelie verkondig of probeer bevorder, dit is baie verkeerd as die **boodskapper** meer uitstaan of groter is, of word, as die **boodskap** en hoe jy ookal die boodskap verkondig, dit moet op die Bybel se wyse geskied.

1KOR 14:40 Maar laat alles in goeie styl en ordelik plaasvind.

Asook:

KOL 3:23 Pak alles gemotiveerd aan. Werk soos vir die Here en nie soos vir mense nie.

My persoonlike opinie is die volgende:

Dit is nie verkeerd as iemand tot eer van ons Here in 'n diens wil koordans nie maar om van my groot held Paulus se manier van skryf gebruik te maak: **“Kom ek wys jou nog ‘n meer uitnemender weg.”**

Mense kom soms met bedieninge te voorskyn waarvoor ek net my kop kan skud. Dan dink ek so by myself: Hoe wonderlik sou dit wees, as ons Christene liever ons beywer dat daar een of meer van die **gawes van die Heilige Gees** in ons lewens manifesteer. Ek deel nou met jou die lyste van gawes van die Heilige Gees soos wat ons dit op drie plekke in die Woord opgeskryf vind. Lees dit en ek wil voorstel, dat jy ernstig in opregtheid met ons Here sal gesels, of Hy nie een of meer van die Gawes van die Heilige Gees in jou lewe wil laat manifesteer nie.

Die **eerste** lys kry ons in **ROM 12:6-8**.

ROM 12:6 Ons het gawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. Ons moet hierdie vermoëns reg gebruik. As God aan jou die gawe gegee het om te profeteer, moet jy dit aanwend in ooreenstemming met ons geloofsoortuigings.

ROM 12:7 As dit is om ander te dien, doen dit met oorgawe. As jy onderrig gee, gee dan kwaliteit onderrig.

ROM 12:8 As dit is om ander op te beur, dóén dit dan inderdaad. As jy materiële ondersteuning kan gee, doen dit sonder bymotiewe. As God aan jou leierseienskappe gegee het, hanteer dit met toewyding. En as jy die gawe het om ander in hulle nood by te staan, doen dit met 'n vrolike hart.

Die **tweede** lys kry ons in **1KOR 12:8-10** maar ek kwoteer **1KOR 12:7-11**.

1KOR 12:7 Elkeen van ons ontvang 'n manifestasie van die Gees om die gemeente te bevoordeel.

1KOR 12:8 Aan die een gee die Gees die bekwaamheid om wyse raad te gee, aan 'n ander gee Hy die gawe van spesiale kennis.

1KOR 12:9 Aan iemand anders gee hierdie selfde Gees 'n heel besondere geloof, aan nog een gee Hy gawes van genesing,

1KOR 12:10 aan 'n volgende een die vermoë om wonders te verrig, aan 'n ander die gawe van profesie, aan nog een die vermoë om te onderskei tussen God se Gees en ander geeste, aan iemand anders die gawe van praat in tale, aan nog een die bekwaamheid om die tale uit te lê.

1KOR 12:11 Dit is een en dieselfde Gees wat al hierdie gawes bewerk en wat aan elkeen uitdeel soos Hy dit goedvind.

Die **derde** lys, soos ek dit sien, kry jy net 'n bietjie verder in dieselfde hoofstuk:

1 KOR 12:28 Hier volg nou 'n lys van sommige van die "liggaamsdele" wat God aan sy gemeente gegee het: *eerstens die apostels, tweedens die profete, derdens dié wat onderrig gee, dan dié wat wonders doen, dié met gawes van genesing, dié wat ander ondersteun, dié wat leiding gee, dié wat in tale praat.*

Hoe jy ook al met watter bediening of met watter gawe van die Heilige Gees jouself in die gemeente uitlewe. Onthou wat Jesus by geleentheid gesê het:

MAT 5:16 *Julle moet so voorbeeldig lewe dat julle 'n helder lig sal laat uitstraal. Dan sal die mense dit sien, en julle hemelse Vader daarvoor prys!"*

Ek sluit dan van my kant af met die volgende woorde van my groot held Paulus:

FIL 4:8 *Ten slotte, liewe broers en susters, beplan alles wat waar, eerbaar, skoon, suiwer, lieflik en lofwaardig is.*

Judas 1:24-25 *Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlijkheid te stel met gejuig,*

25. *aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlijkheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*

Groete

Sakkie

Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang,

stuur asseblief u volle e-pos adres in die "subject box" na sparsons@absamail.co.za

Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.

Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.